Wêreld Boerboel Skou en Veiling oorsig

Bron: Webredakteur
Datum: 30 Oktober 2008

Die nommer *25* het ‘n belangrike rol in die SABT se aktiwiteite gedurende 2008 gespeel. Die Vereniging het sy 25ste verjaardag hierdie jaar gevier, maar die hoogtepunt was beslis die Wêreld Boerboel Skou in Parys in die Vrystaat op Saterdag 25 Oktober.

Daar was van vroeg af ‘n gees van opgewondenheid en verwagting te bespeur onder deelnemende eienaars, besoekers uit die buiteland en vele lede van die publiek wat gekom het om hierdie unieke byeenkoms van die beste onder die beste Boerboele te beleef.

Etlike individue het die afgelope tyd hard gewerk om hierdie geleentheid te reël, maar die mense wat in werklikheid die Skou moontlik gemaak het, is die eienaars wat nie minder nie as 124 honde ingeskryf het. Hulle het hierdie jaar duisende kilometers gereis - teen groot onkoste en met baie moeite - van elke provinsie in die land en Namibië om aan hierdie grootse byeenkoms deel te neem. Danksy hulle is heelwat wanopvattings van die publiek en die media waarskynlik weerlê. Wees gerus op die uitkyk vir die *Pasella*-uitsending op SABC2 op Woensdag 19 November om 19:30 waartydens Cindy Nell die een groot Boerboel na die ander ‘n drukkie gee!

Lucas van der Merwe
Lidnommer 3

Dit was ook aangenaam om verskeie Boerboelentoesiaste uit die VSA en Europa te ontmoet. Die SABT se Raadslid vir Noord-Amerika, Shirley Hagler, het hulle trofeë en dié van ondersteunende telers in die VSA persoonlik kom oorhandig. John Walker Smith van die VK was ook teenwoordig om sy trofee persoonlik te oorhandig.

Nog ‘n gewaardeerde besoeker was Lucas van der Merwe, die enigste oorlewende stigterslid van die SABT. Hy het ‘n sertifikaat van erkenning ontvang vir sy bydrae tot die vestiging van die Boerboel as Suid-Afrika se unieke honderas. Anemarí Pretorius is as *Boerboel Persoonlikheid van die Jaar* aangewys, met spesiale vermelding van die waarde van haar boek *Die Boerboel – eie aan Suid-Afrika,* wat ook verlede jaar in Engels gepubliseer is.

Die Veiling was besonder interessant. Alhoewel sommige honde uitstaande pryse behaal het, is omtrent ‘n derde van dié wat aangebied is, nie verkoop nie omdat aanbiedinge laer as die verkopers se reserwepryse was. Die haalbaarheid van ‘n veiling in hierdie tyd waar elektroniese kommunikasie tussen voornemende verkopers en telers eienaarskap van ‘n Boerboel binne almal se bereik bring, moet ondersoek word.

Soos met enige nuwe geleentheid (die skoue is in 2007 heringestel) is daar praktiese kwessies wat die reëlingskomitee met die oog op toekomstige skoue moet aanspreek. Met die ondersteuning van die Boerboelgemeenskap, die ongelooflike gehalte van deelnemende honde en groeiende openbare belangstelling, kan die SABT se skoue egter net van krag-tot-krag gaan.

- 2008 Wêreld Boerboel Skou-uitslae (1ste vyf plekke)
- 2008 Kampioene en klaswenners – Reuns (foto’s)
- 2008 Kampioene en klaswenners – Tewe (foto’s)